education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## MODEL 2008

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek alle leeruitkomste:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Neem die tydtoekenning vir elke vraag in aanmerking wanneer die vrae beantwoord word.

3. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig en beantwoord slegs wat verlang word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.

6. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van 'n antwoord te bepaal.

7. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

8. LET WEL: Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **1** | **A: Meervoudigekeusevrae, Waar/onwaar-items, Pasitems VERPLIGTEND** | **40** | **30 min.** |
| **2** | **B: DRIE vrae VERPLIGTEND** | **60** | **30 min.** |
| **3** | | **60** | **30 min.** |
| **4** | | **60** | **30 min.** |
| **5** | **C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.** | **40** | **30 min.** |
| **6** | | **40** | **30 min.** |
| **7** | | **40** | **30 min.** |
| **8** | | **40** | **30 min.** |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 min.** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Watter EEN van die volgende stellings ten opsigte van kreatiwiteit is WAAR?

A Slegs intelligente mense is kreatief.
B Kennis help nie met kreatiwiteit nie.
C Kreatiwiteit is 'n aangebore vermoë wat aangeleer kan word.
D Slegs kunssinnige mense is kreatief.

1.1.2 Hierdie wetgewing verseker dat gekwalifiseerde persone uit aangewese groepe gelyke geleenthede in die werkplek het:

A Regstellende aksie
B Wet op Werkloosheidsversekering
C Wet op Vaardigheidsontwikkeling
D Wet op Swart Bemagtiging

1.1.3 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n program oor maatskaplike verantwoordelikheid wat deur 'n besigheid toegepas word?

A Verhoging in bestuurder se salaris
B Borg 'n MIV/Vigs-weeshuis
C Styging van winste
D Korting op die pryse van sy produkte

1.1.4 Hierdie vorm van investering dra die hoogste risiko:

A Aandele
B Eiendom
C Effektetrusts
D Vaste deposito

1.1.5 Een van die betekenisvolste voordele vir 'n sake-onderneming wat van werkspanne (spanwerk) gebruik maak, is dat ...

A groter uitset deur samewerking verkry word.
B dit tydrowend is.
C tegnologie 'n vereiste is om te kan slaag.
D dit individualisme aanmoedig.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.1.6 Hierdie vorm van eienaarskap stipuleer 'n minimum van sewe lede:

A Beslote korporasie
B Vennootskap
C Publieke maatskappy
D Privaat maatskappy

1.1.7 Watter EEN van die volgende kan as onprofessionele en onetiese gedrag beskou word?

A Verhoging van pryse in lyn met mededingers
B Die verkoop van tweedehandse goedere as nuut
C Vind 'n plaasvervanger vir die mededinger se produk
D Neem onopgeleide werkers in diens

1.1.8 Wie sal die waarskynlikste leerlingskappe in versekering aanbied?

A Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK)
B Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
C Mannekragkommissie
D Sektorale Onderwys en Opleiding (SOO/'SETA')

1.1.9 Die Suid-Afrikaanse regering het hierdie Wet in 2003 ingestel as 'n maatreël om die land se ekonomie te laat groei, armoede uit te wis, werk te skep en om die konsep van transformasie in die werkplek af te dwing:

A Nywerheidshandves
B Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB)
C Wet op Nasionale Krediet
D BBSEB Kodes van Goeie Praktyk

1.1.10 Dissiplinêre reëls en prosedures vorm deel van die ... -kontrak.

A versekerings
B bruikhuur
C huurkoop
D indiensnemings (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Vakunies en werkgewersorganisasies werk saam om konflikte op te los | A strategie |
| 1.2.2 'n Proses van beplanning, organisering, leiding en beheer van hulpmiddele ten einde die doelwitte van die organisasie te bereik | B werkplekforum |
| 1.2.3 'n Logiese manier om konflik te beëindig omdat die bemiddelingsproses 'n dooie punt bereik het | C bestuur |
| 1.2.4 Gevorm deur verteenwoordigers van werkers in die werkplek met die doel om insette in bestuursbesluite te maak | D produktiwiteit |
| 1.2.5 Plan van aksie om 'n doel te bereik | E geskillebylegging ('dispute resolution') |
| | F arbitrasie |

(5 x 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die lees van koerante en sakejoernale lig sakelui omtrent die besigheidsomgewing in.

1.3.2 Volgens die beleid van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) word 'n ondermening wat deur swart vroue besit word, gevorm wanneer 25,1% van die besigheid deur swart vroue besit en bestuur word.

1.3.3 'n Curriculum vitae (CV) is wesenlik die belangrikste personeelbemarkingshulpmiddel vir indiensneming in die sakewêreld.

1.3.4 Die werwing en uitkies van menslike hulpbronne kan deur 'n sakeonderneming uitgekontrakteer word.

1.3.5 Die verhoging van produksie binne 'n sakeonderneming is 'n voordeel vir mededingers. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

### VRAAG 2

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Nuwe Township-salon**

Thandiwe Ntombela het in 2003 die New Age Haarsalon in Bisho geopen. Sy het werkgeleenthede gebied aan vyf personeellede, wat vanaf die plaaslike township, 50 kilometer ver gereis het. Hulle het lang ure gewerk. Hulle het om 08:00 begin werk en om 19:30 klaar gemaak, sewe dae 'n week.

Thandiwe was nie goed toegerus nie omdat sy ou en stadige haarversorgingtoerusting in haar salon gebruik het. Thandiwe het op 1 Julie 2007 nuwe haarversorgingtoerusting en 'n rekenaar om as 'n databasis vir kliënte te gebruik, gekoop. Dit is deur 'n lening van R40 000 van ABSA Bank teen 17,5% p.j. rente gefinansier, gekoppel aan die prima rentekoers van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

Hierdie salon het probleme ondervind rakende personeelsake en misdaad. Mariam, 'n werknemer vir drie jaar, het om kraamverlof aansoek gedoen en het haar Werkloosheidsversekeringskaart benodig. Sy het later uitgevind dat sy nie geregistreer was nie aangesien sy as 'n geleentheidswerker in diens geneem is.

Daar was met twee geleenthede gewapende rooftogte op Thandiwe se perseel waartydens haar personeel aangehou is en alle kontant uit die kasregister geneem is.

In Oktober 2007 het die president van die SARB 'n verhoging van 1% in die prima rentekoers aangekondig.

Thandiwe was steeds opgewonde oor haar toekomsplanne vir die besigheid. Sy wou die moontlikheid om 'n tak in die buurt te open, ondersoek.

2.1.1 Verduidelik die term *prima rentekoers.* (2)

2.1.2 Bereken die opgelope rente op die lening op 31 Desember 2007. (3)

2.1.3 Die prima rentekoers het met 1% tot 18,5% toegeneem. Watter strategiese opsies het Thandiwe met betrekking tot dié verhoging in die rentekoers? Verduidelik. (4)

2.1.4 Beskryf die uitwerking van misdaad op besighede en noem maatreëls wat kan help om misdaad te verminder. (4)

2.1.5 Noem die bepaling rakende kraamverlof in die Werkloosheids-versekeringsfonds (WVF). (2)

2.1.6 Hoe sal dit Mariam (verwys na VRAAG 2.1.5) as die werknemer en Thandiwe as die werkgewer van New Age Haarsalon beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (6)

2.2 Noem enige DRIE stadiums betrokke by ontwikkelingstrategie. (3)

2.3 Die volgende verwys na spesifieke sakevorme. Dit beskryf spesifieke sake-sektore. Identifiseer die sakesektor vir ELK en verduidelik die rede vir jou antwoord.

2.3.1 Inmaakfabriek wat konfyt uit perskes prosesseer

2.3.2 Hotelle wat akkommodasie aan toeriste bied (8)

2.4 Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid het sedert die afskaffing van apartheid in 1990, deel van groot besighede in Suid-Afrika geword. Dit was as gevolg van inisiatiewe deur die Verenigde Nasies wat druk op besighede uitgeoefen het om maatskaplike ongeregtighede reg te stel en armoede te verlig.

2.4.1 Beskryf hoe korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid die besigheid en die gemeenskap bevoordeel. (10)

2.4.2 Verduidelik kortliks, deur voorbeelde te gebruik, TWEE maatskaplikeverantwoordelikheidsprogramme wat deur besighede in jou gemeenskap ondersteun word. (6)

2.5 Verduidelik die doel van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) en lewer kommentaar op die vordering van hierdie Wet in die nywerheid. (12)
**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Bespreek die uitwerking van die volgende kwessies op óf die sukses óf die mislukking van 'n vennootskap en 'n maatskappy:

3.1.1 Belasting

3.1.2 Bestuur (12)

.

3.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Themba se Klereboetiek**

Themba Nkosi het sy besigheid in 1990 gestig. Sy kapitaal het hoofsaaklik bestaan uit geld wat hy gespaar het sedert hy as verkoopsman vir 'n klerefabriek begin werk het. Hy het nege jaar lank gewerk voordat hy tot die pos van bemarkingsbestuurder bevorder is. In daardie pos het hy geweldig baie ondervinding in beplanning, beheer en organisering van alle bemarkingsaktiwiteite opgedoen.

Hy het by die klerefabriek bedank aangesien hy gevoel het dat hy genoeg ondervinding opgedoen het om sy eie onderneming in die vervaardiging en verkoop van klere te begin en te bestuur.

Themba reël gereeld vergaderings met die personeel ten einde hom te vergewis van enige beperkings in die werkplek, en verwelkom aanbevelings vir oplossings. Hy hou die personeel op hoogte van werksverrigting en prestasies deur middel van 'n interne nuusbrief.

Behalwe die koop en verkoop van voorraad van klerefabrieke, ontwerp en vervaardig hy ook sekere klerereekse op versoek van spesiale klante. Themba voer nuwe kledingstowwe van China af in en vervaardig klere wat op die laerinkomstegroepe gerig is.

Hy bestee baie ure om te verseker dat elke sakefunksie doeltreffend en glad uitgevoer word. Daar is uitdagings van nuwe besighede, vlooimarkte en straatverkopers wat soortgelyke klerereekse verkoop; nogtans volhard Themba met sy onderneming.

Hy is onlangs vir die Sakeman van die Jaar-toekenning genomineer.

Ontleed DRIE entrepreneurseienskappe van Themba se Klereboetiek.
Gebruik die inligting in die gevallestudie ter ondersteuning van jou antwoord. (12)

3.3 Klassifiseer elk van die volgende beskrywings onder of VERPLIGTE VERSEKERING of NIEVERPLIGTE VERSEKERING. Skryf die toepaslike kategorie langs die vraagnommer neer en gee 'n rede vir jou antwoord.

VOORBEELD:
Winkeldiefstal – Nieverpligte versekering
Rede: Die eienaar behou die reg voor om die risiko te absorbeer.

3.3.1 Veiligheid van passasiers wat in 'n huurmotor op 'n openbare pad reis

3.3.2 Sakeperseel deur vuur vernietig

3.3.3 Beskerming van werknemers teen beserings in 'n fabriek wat 60 werkers in diens het (12)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Bestudeer die inligting oor aandelehandel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| VOEDSELPRODUSENTE | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NAAM** | **Pr** | **H** | **L** | **@** | **%** | **Do** | **P/V** | **DV** |
| Illovo | 1 915 | 1 945 | 1 900 | +15 | 14,9 | 3,8 | 12,7 | 124 075 |
| Oceana | 1 650 | 1 670 | 1 650 | -20 | 10,7 | 4,5 | 14,6 | 4 700 |
| Rainbow | 1 660 | 1 660 | 1 650 | +3 | 68,5 | 3,6 | 11,0 | 738 672 |
| Tiger Brands | 18 250 | 18 507 | 18 000 | -25 | 3,2 | 3,3 | 15,1 | 416 285 |
| Tongaat | 12 850 | 13 200 | 12 750 | +50 | 33,1 | 4,3 | 19,3 | 161 123 |

[Bron: *Business Report*, Dinsdag 10 April 2007]

**SLEUTEL:**

**Pr**: Marksluitingsprys; **H**: Dag se hoogtepunt; **L**: Dag se laagtepunt; @: Dag se beweging; **%**: Laaste 12 maande se persentasiebeweging; **Do**: Dividend-opbrengs; **P/V**: Prys-wins-verhouding; **DV**: Dag se volume

3.4.1 Watter instansie publiseer hierdie tipe inligting in koerante? (2)

3.4.2 Noem TWEE funksies van die instansie genoem in VRAAG 3.4.1. (4)


3.4.3 Verduidelik wat met Tiger Brands se aandele gebeur het gedurende die dag se verhandeling op 10 April 2007. (2)

3.4.4 Wat was die prys van Illovo-aandele aan die einde van die markdag? (2)

3.4.5 Hoe kan gereelde inligting, soos gegee in die tabel hierbo, jou help om te besluit watter aandele om te koop? Motiveer jou antwoord. (4)

3.5 Sou jy verkies om aandele of effektetrusts te koop? Motiveer jou antwoord. (4)

3.6 Die inligting wat volg hou verband met Danie, David en Simpiwe Kleinhandelaars BK se verkope. Hierdie onderneming spesialiseer in die verkoop van geskenke, skryfbehoeftes en skooluniforms.




3.6.1 Identifiseer die neiging in die histogram aangedui. (2)

3.6.2 Wat het na jou mening die neiging beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (4)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur.* (4)

4.2 Onderskei tussen die volgende bestuurstyle:

4.2.1 Outokraties (4)

4.2.2 Demokraties (4)

4.2.3 Laissez-faire (4)

4.3 Beskryf VYF stappe wat jy, as 'n bestuurder, kan gebruik om konflikte in die werkplek op te los. (10)

4.4 Jy het Graad 12 geslaag. Jy is tans in diens by 'n nywerheidsmaatskappy wat motorsitplekoortreksels vervaardig. Jou medewerkers het versoek dat jy by die vakunie moet aansluit.
Wat sou jou antwoord wees? Motiveer jou antwoord. (10)

4.5 Jy is die besturende direkteur van 'n maatskappy. Jy stel belang in die welstand van jou werknemers in die werkplek.
Verduidelik enige TWEE strategieë wat jy sou implementeer. (6)

4.6 Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

*'sluit by ons aan met trots'*
Provinsie
GAUTENG

**DEPARTEMENT VAN SPORT, KUNS, KULTUUR EN ONTSPANNING**

**Assistentdirekteur: MENSLIKEHULPBRON-BEPLANNING, VOORSIENING & ADMINISTRASIE**

Direktoraat: Menslikehulpbronbestuur en -Ontwikkeling
Sentrum: Johannesburg (Verw. Nr.: 70041754)
Salaris: R146 689 p.j. (Plus voordele)

**Vereistes:** ● Die suksesvolle kandidaat moet vyf jaar ondervinding in MH-bestuur hê ●Bewese ondervinding in die MH-beplanning, Voorsiening en Administrasie omgewing ● Die kandidaat moet ook 'n bewese begrip van finansiële bestuur, bestuurrapportering, beplanning en organisering hê ● Die kandidaat moet ook in staat wees om onder druk te werk.

**Pligte:** ● Bou operasionele doeltreffendheid en effektiwiteit van personeeladministrasie ondersteuningsdienste op deur: Rapporteer oor wanprestasie aan MHB-afvaardigings, moniteer prestasie deur die GVDS op SLA en lê maandelikse verslae oor personeel-administrasietransaksies voor ● Verseker korrekte implementering van transaksies op Persal ● Kommunikeer wysigings aan MH-wetgewing, omsendbriewe, resolusies en ooreenkomste ● Koördineer departementele Werkevalueringsprosesse ● Koördineer werwingproses en stel werwingverslag saam ● Assisteer met verslagdoening na Interne en Eksterne algemene navrae ● Afrigting, mentorskap en evaluering van personeelprestasie ● Stel kwartaallikse en jaarlikse verslae op.

Navrae: Debbie Nel, Tel: (011) 355 2594.

Ons verwelkom aansoeke van mense met gestremdhede

Die provinsiale regering van Gauteng is verbind tot die bereiking en instandhouding van diversiteit en gelykheid in indiensneming, veral met betrekking tot ras, geslag en gestremdheid.

Aansoeke moet op vorm Z83 ingedien word, verkrygbaar by enige Staatsdiensdepartement of van die Webtuiste, wat volledig voltooi moet word. 'n Gesertifiseerde afskrif van jou ID-dokument en kwalifikasies moet aangeheg word. Die spesifieke verwysingsnommer van die pos moet aangehaal word; versuim om aan hierdie instruksies te voldoen sal aansoeke van prosessering diskwalifiseer.

Aansoeke kan gerig word aan: Gauteng Shared Service Centre, Foxstraat 77, Johannesburg of gepos word na: Privaatsak X114, Marshalltown 2107 of doen aanlyn aansoek deur ons webtuiste te besoek by: www.gautengonline.gov.za of kontak die GVDS Inbelsentrum by (011) 355 2222 vir meer moontlikhede.

**Sluitingsdatum: 24 April 2007.**

As gevolg van die groot aantal aansoeke wat ons verwag, sal die ontvangs van aansoeke nie erken word nie. Indien jy nie binne 3 maande enige reaksie van ons ontvang nie, aanvaar asseblief dat jou aansoek onsuksesvol was.

[Bron: *Sowetan,* Dinsdag 10 April 2007]

4.6.1 Noem die postitel. (2)

4.6.2 Veronderstel jy doen aansoek vir hierdie pos. Noem enige TWEE belangrike aspekte wat op jou betrekking het. Gee redes vir jou antwoord. (6)

4.6.3 Bereken die maandelikse bruto salaris vir die geadverteerde pos, voordele uitgesluit. (2)

4.6.4 Die salaris meld 'Plus voordele'. Noem enige TWEE moontlike voordele wat deur die Gauteng provinsiale regering aangebied kan word. (4)

4.6.5 Hoe voldoen hierdie advertensie aan die regering se inisiatief oor inklusiwiteit? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

**Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.**

## VRAAG 5

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vraag wat volg.

Plumtree is 'n tamatieplaas wat naby Letsitele in Limpopo geleë is. Die plaas het sy inkomste grootliks uit die verskaffing van vars tamaties aan die nabygeleë markte gekry.

Toe die omset afgeneem het, is daar 'n sakevergadering gehou om insette by bestuur en werkers te kry.

Die volgende kommentaar is van die werkers ontvang:

1. Die grond het nie soveel tamaties as in vorige jare opgelewer nie. Dit is toegeskryf aan die feit dat die grond se vrugbaarheid aan die afneem is, die land moes geploeg word en meer kunsmis moes gebruik word om die opbrengs te verhoog.
2. Daar is ook aangedui dat die onlangse droogte die produksie van tamaties beïnvloed het en dat die voorsiening van water vanaf die nabygeleë dam onvoldoende was as gevolg van lae watervlakke.
3. Werkers het die kwessie van Star Tamatieprodusente, die buurplaas, wat die meeste van hulle kliënte afrokkel, geopper. Plumtree het besigheid aan Star Tamatieprodusente afgestaan. Dit het gelei tot 'n afname in verkope en winsgewendheid.
4. Werkers het bestuur daarop gewys dat hulle lang ure werk sonder betaling vir oortydwerk, dat daar geen mediese aandag is vir dié wat met MIV/Vigs besmet is nie, dat geen siekteverlof toegestaan word nie en dat Plumtree nie die Wet op Basiese Indiensnemingsvoorwaardes nakom nie.

Die volgende kommentaar is van die bestuur van Plumtree ontvang:

1. Plumtree het 'n lening van R300 000 van die Landbank teen 15% rente p.j bekom. Die maandelikse terugbetaling is verhoog as gevolg van 'n hoër rentekoers.

2. Bestuur het aangedui dat werkerafwesigheid 'n probleem geword het met ten minste vier werkers per week afwesig. Dit het die prestasie van die besigheid beïnvloed.

3. Die stygende brandstofpryse het ook koste verhoog en winsgewendheid verminder.

4. Werkers wat in 'n tydelike hoedanigheid in diens geneem is, was nie produktief genoeg nie.

Identifiseer en klassifiseer die uitdagings genoem in die DRIE omgewings. Ontleed ook die impak van hierdie veranderlikes op Plumtree. Stel strategieë voor wat Plumtree kan gebruik om hierdie uitdagings te oorkom.

Maak voorstelle aan Plumtree oor of hulle moet voortgaan met hulle werksaamhede in hierdie sektor. **[40]**

**VRAAG 6**

Wetgewing beheer die wyse waarop besighede in Suid-Afrika bedryf word. Die meeste hiervan is ontwikkel om die verdeeldhede van die verlede te herstel en om die samelewing te verander en word deur beleidsrigtings, soos menseregte, inklusiwiteit en omgewingsake gelei.

Verduidelik kortliks die begrippe *menseregte, inklusiwiteit* en *omgewingsake* in die werkplek en brei uit op inisiatiewe wat ondernemings kan implementeer met betrekking tot hierdie sake.

Ontleed en evalueer die mate waartoe hulle suksesvol was. **[40]**

**VRAAG 7**

Ondernemings stem saam dat etiese en professionele gedrag belangrike aspekte van die sakeomgewing is.

Beskryf die begrip *etiese en professionele gedrag* en gebruik praktiese voorbeelde om die onderskeie sake met betrekking tot bogenoemde te verduidelik.

Lewer kommentaar op die toepassing daarvan in die werkplek. **[40]**

**VRAAG 8**

'n Besigheidsorganisasie het sekere sake- en bestuursfunksies wat deur die bestuurders van die verskillende departemente binne die organisasie uitgevoer word. Jy is die algemene bestuurder van so 'n organisasie en het opgelet dat verbeterde werkverrigting van hierdie sakefunksies 'n betekenisvolle bydrae tot die sukses van die sake-onderneming kan lewer.

Identifiseer en bespreek enige VYF sakefunksies. Ontleed hoe die gehalte van werkverrigting van hierdie funksies daartoe kan bydra om die besigheid meer winsgewend te maak. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou